



*Uit die nederlaag teen  
'n vyand word volharding en eenheid gebore  
wat tot oorwinning kan lei.*



*Uit die oorwinning oor  
'n broer word verwydering en moedeloosheid  
gebore wat tot 'n nederlaag kan lei.*

TWEEDE JAARGANG.

WOENSDAG, 16 JUNIE 1943.

No. 30.

## GEEN VERBITTERING !

*Die belangrikste betekenis van 'n verkiesing is dat dit die moontlikheid van 'n regeringsverandering inhoud. In die poging om 'n nuwe regering aan bewind te kry, kan groot opgewondenheid by die volk geregtig word. Dit is 'n saak van erns. Waar daarby moontlikheid van bewindsververandering egter uitgesluit is weens die gebrek aan eensgesinde optrede — soos dit tans die geval is weens dr. Malan se weiering om 'n verkiesingsfront te vorm, — sal dit misdagdig wees om verbitterd te raak in die stryd teen mede-Afrikaners. Laat elke Brandwag sy plig doen soos hy dit sien, maar daarby onthou dat dit 'n skyngevog is wat in die huidige omstandighede weinig of geen uitwerking kan hê op die toekoms van ons volk..*

*Die stryd soos dit nou is, kan geen verandering van regering toebring nie. Dit kan hoogstens dien as 'n gebrekkige uitspraak van die volk by wyse van die aantal STEMME teen die Smuts-party. Laat geen Brandwag hom daarom skuldig maak aan verbitting teen volksgenote wat anders dink of doen as hy nie.*

*Die Afrikaner wat verkeerd stem, staan nader aan ons as die Jood wat reg stem!*

## UIT JAMMERTE GELD GESTEEL

### Beskuldigde sê Hy was nie Lid van Ossewabrandwag

F. A. Fourie, 'n voormalige speurdersersant, is verlede week deur die Spesiale Hof skuldig bevind op aanklag dat hy £4,116 van die Suid-Afrikaanse Spoerweé in Port Elizabeth gesteel het, en tot sewe jaar tronkstraf veroordeel.

In sy getuenis het Fourie verklaar dat hy in September 1942 kragtens die Noodregulasies in hegteins geneem is, maar dat hy ontsnap het omdat hy nie bewus was wat die aanklag teen hom was nie, en hy geweet het dat as jy kragtens die Noodregulasies in hegteins geneem word, jy maande en maande sonder verhoor opgesluit word, en dat die speurders jou kort-kort kom ondervraag.

Onder kruisverhoor het hy gesê dat hy 'n prokureur Vorster in Port Elizabeth ontmoet het en dat aan hom gesê is dat Vorster 'n generaal in die Ossewabrandwag was. Hy het Vorster egter maar swak geken en was nooit by hom aan huis nie. Getuie was van die begin af teen die Regering se oorlogsbeleid gekant. In die loop van sy werk as lid van die politieke personeel van die Speurdiens het hy met die O.B. en Stormjaers kennis gemaak. Hy was egter nie 'n majoor in die Stormjaers en ook nie lid van die Ossewabrandwag nie.

B. F. Loots, 'n voormalige sersant van Port Elizabeth se Spoerwegpolisie het verklaar dat hy tans 'n vonnis van vyf jaar uitdien weens die betrokke diefstal. Hy het deelgeneem aan die diefstal op voorstel van Van Rensburg, 'n spoerwegwerker en medepligtige, wat gesê het dat die gesinne van geinterneerde in geldnood verkeer en dat die Ossewabrandwag alleen nie in staat is om hulle te onderhou nie. Uit jammer vir die mense het hy ingewillig.

## Voorbeeld in Barberton van wat Dwarsdeur Land kon Gebeur Het K.G. Verduidelik Standpunt van O.B. Voor Groot Offisiere-Sametrekkung

Voor 'n sametrekkung van meer as 1,000 offisiere uit alle dele van Suid-Transvaal, het die Leier van ons Volksbeweging, dr. Hans van Rensburg, Woensdag, 2 Junie, in Johannesburg die standpunt van die Ossewabrandwag ten opsigte van die aanstaande parlementsverkiesing ontleed en 'n uiteensetting gegee van die herindeling van die Beweging. Die verklaaring oor die verkiesing het reeds in die pers verskyn.

Die vorige dag het dr. Van Rensburg ook 'n sametrekkung van ongeveer 350 offisiere op Potgietersrust toespreek oor dieselfde aangeleenthed. Die aand van 1 Junie het hy ook 'n groot Ossewabrandwag-vergadering op Potgietersrust toespreek.

In albei gevalle het die offisiere die heldere leiding wat dr. Van Rensburg in verband met die verkiesing gegee het, geesdriftig ontvang, en elkeen het, gewaarsku en gewapend teen die listige planne van die vyande van die Ossewabrandwag, na hul afdelings teruggegaan.

In die loop van sy verklaaring het die Leier melding gemaak van die feit dat Barberton die enigste ware Eenheidskandidaat in die persoon van mnr. Willie Roodt het omdat dit die enigste kiesafdeling is waar die verkiesingaanbod van die Ossewabrandwag geld. Hier het die plaaslike voormanne van die H.N.P. en die Afrikanerparty ooreengekom om gesamentlik 'n kandidaat teen die Empireregering te stel, met die gevolg dat die Ossewabrandwag in daardie afdeling sy volle steun en ewig agter die volkskandidaat inwerp. „So kon die hele land sy Barbertons gehad het as dit nie vir die koppigheid van sommige politici was nie," het dr. Van Rensburg daarvan toegevoeg.

Die vermelding van die feit dat mev. Hansen, eggenote van genl. Hansen wat tans in die Empire se interneringskamp op Koffiefontein sit, die anti-Empire en anti-Oorlogskandidaat teen veldmaarskalk Smuts in Standerton is, is langdurig toegejuig. Mev. Hansen wat ook op die sametrekkung in Johannesburg teenwoordig was, is versoek om op te staan, waarna sy nog geesdriftiger toegejuig is: „In veldmaarskalk Smuts sien ons die verpersoonliking van die Empire se oorlogsbeleid en in mev. Hansen sien ons die slagoffer van daardie beleid, die vrou van Suid-Afrika", het die Kommandant-generaal verklaar.

### HERINDELING

In verband met die herindeling van die Ossewabrandwag het die Kommandant-generaal daarop gewys dat die vrou weens die sentrale verteenwoordiging in die Vroue-adjunkraad voorstaan meer regstreeks seggenskap sal hê in die besluite waardeur hulle gevraag word.

Ook die jeug sal voortaan regstreeks deur die Jeugleier op die Grootraad verteenwoordig wees. Prof. Dirk van Rooy, van Potchefstroom, wat voorheen 'n leidende posisie in die Voortrekkerbeweging beklee het, is die jeugleierskap aangebied en hy het dit aanvaar.

Die Kommandant-generaal het ten aanyang daarop gewys dat die Ossewabrandwag 'n eedgenootskap is wat gekom het om te bly. Dit het 'n deel van die geskiedenis van die Afrikaner-

dom geword. Die Ossewabrandwag het gekom om te bly omdat dit in hierdie krisistyd die meeste martelare vir die Afrikanerdom gelewer het. Hoe langer ons aanhou hoe meer sal in die tronke en kampe van die Empire belang en hoe meer in die tronke en kampe kom, hoe minder reg het ons om met die stryd op te hou.


Die sametrekkung is ook bygewoon deur die Adjunk-kommandant-generaal, J. A. Smith. Op die sametrekkung in Johannesburg was ook teenwoordig gebiedsleier Louis Boothe (Suid-Transvaal), gebiedsleier dr. H. M. van der Westhuizen (Noord-Transvaal) en genl. ds. S. J. Stander, voorstander van die Grootraad.—(Kor.)

(Berig deur J. Plek, Voortrekkergebou, Johannesburg)

## GEEN DWANG

O.B.-leda word daarop gewys dat daar geen BEVEL deur die Kommandant-generaal ten opsigte van die verkiesing uitgereik is nie. Sy verklaring dien steeds as leidraad vir diegene wat nie weet wat om te doen nie. Die Ossewabrandwag is geen eleksiasjen nie en hy kan daarom as liggaam niemand bind om 'n bepaalde houding in 'n verkiesing in te neem nie. Hy kan wel advies gee aan lede wat twyfel oor wat hul optrede behoort te wees.

Waar dit die Ossewabrandwag se bedoeling was om aktief aan die verkiesing deel te neem indien dit 'n gesamentlike VOLKSDEMONSTRASIE van die Afrikanerdom teen die oorlog kon wees, en sy poging om so 'n verenigde demonstrasie moontlik te maak, skipbreuk gely het as gevolg van dr. Malan se weiering om saam te werk, sal talte O.B.-leda in die huidige toestand van verbrokkelings selfs nie eens meer die skaduwee van 'n demonstrasie herken nie, en gevoldig verkies om geen daadwerklike aandeel in die broederstryd te neem nie. Die standpunt van sulke Afrikaners is verstaanbaar en verdedigbaar.



EM  
Beperk

AFRIKANERSAKE gaan van krag tot krag. Die jongste volksprestasie is dié van Excelsior Meubels, wat vinnig die mark verower met meubels vervaardig deur Afrikaners, bedank deur en vir die gebruik van Afrikaners.

DRA u deel by in hierdie grootste strewe na selfstandigheid in die meubelwêreld. Koop u meubels by Excelsior en deel in die winste deur self 'n aandeelhouer te word. Excelsior Meubels besit reeds twee Fabrieke en vier takwinkels onder dié naam in Johannesburg, Pretoria, Germiston en Bloemfontein asook Goodwood Meubileerders (Edms.) Bpk. van Pretoria en L. D. Phillips (Edms.) Bpk. van Kaapstad wat onder hul name voortbestaan.

'n Kunsbrosjyre sal gratis aan u gestuur word indien u meer wil weet van ons prestasies, doel en dienste.

Die Sekretaris,

**EXCELSIOR MEUBELS BEPERK,**

Posbus 6670 JOHANNESBURG Spoerbondkassegebou

Stuur u brosjyre aan: M.....

OB 1 .....

## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

### MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste swiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,  
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,  
Postbus 3512, Voortrekkergebou,  
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.....

Naam.....

Adres.....

(O.B. 16 Junie 1943).....

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).  
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar-**  
Korrespondensie-Kursus  
Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 16,  
JOHANNESBURG  
Postbus 3512 Foon 22-3512

**W. VOIGT BPK.,  
HUGENOOT.**

Fabrikante van . . .

Kelder en Besproeiings  
Masjinerie,  
Sleepwaens,  
Boerewaens, Ens., Ens.

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.

116 Takke  
44,000  
Lede  
**AVBOB** Reservew-fonds £118,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN  
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Ondersteun Ons Adverteerders!

## O.B. se Aanbod i.v.m. Verkiesing

Met die oog op die verklaring van die Kommandant-general plaas ons hier weer die aanbod van die Ossewabrandwag wat op 4 Januarie 1943 uitgereik is, en wat later mondelings (en skriftelik aan dr. Malan) herhaal is:

Voortdurend word gevra, ook van syde partypolitici, wat die houding van die Ossewabrandwag as magsfactor met 'n verkiesing gaan wees. Sy houding is kortlik as volg:

Kabinetministers, o.a. minister Reitz, het reeds verklaar dat die Smuts-regering hom nie sal steur aan die uitslag van 'n verkiesing nie, en die Empire het ook reeds elders getoon dat militêr-strategiese belang opweeg teen alle volks- en staatsregte-like beginsels.

Nietemin kan 'n verkiesing die Afrikanerdom 'n geleentheid gee vir 'n volksdemonstrasie, deurdat die Afrikanerdom as geheel homself aan die klug van 'n liberale verkiesing onttrek en die Parlement as 'n orgaan van die Empire-stelsel verwerp. Algehele samewerking is hiervoor nodig. Indien dit nie verkry kan word nie, bly as alternatief oor dat die hele Afrikanerdom deur onderlinge samewerking tussen organisasies sy stem duidelik en verenigd teen die Empire en oorlog laat hoor. Met eendragtige optrede sal die stryd swaar wees; sonder eendrag is dit by voorbaat verlore.

In geval van laasgenoemde alternatief sê die Ossewabrandwag dat hy onder sekere voorwaardes sy hele gewig en

organisasie sal inwerp ter ondersteuning van die anti-oorlog- en anti-Empire-kandidaat dwarsdeur die land in elke kiesafdeling.

In elke kiesafdeling waar die party-organisasies van die Afrikanerdom ooreenkoms om 'n onderlinge aanneemlike volkskandidaat te stel, sal sodanige kandidaat versekerd wees van nie net die stem, maar ook die organisatoriese steun van die Ossewabrandwag. Al vanselfsprekende voorwaarde vir hierdie steun is dat die kandidaat sy vyand konsekwent in die Empire soek en nie in sy mede-republikeine nie.

As blyn van goedertrou sit die Ossewabrandwag as organisasie sy skouer aan die wiel sonder om self kandidate te stel.

Ten aansien van die erns van die toestand wil die Ossewabrandwag 'n dringende beroep doen op elke Afrikaner om in geval van 'n verkiesing op hierdie grondslag die gelede te sluit en 'n verenigde stem te laat hoor.

Met die oog op die welslae van so 'n demonstrasie wil die Ossewabrandwag aan die betrokke politieke organisasies beklemtoon dat alleen volkskandidate wat aanneemlik vir alle republikeinse groeppe is, daarin sal slaag om van so 'n verkiesing 'n oortuigende volksdemonstrasie te maak.

(Get.) J. F. VAN RENSBURG.  
Kommandant-generaal.  
Pretoria,  
4 Januarie 1943.

## Kommandant-Generaal se Advies

Aan lede van die Ossewabrandwag wat nie seker is omtrent die houding wat hulle in die verkiesing moet inneem nie, het die Kommandant-generaal in sy verklaring van verlede week die volgende advies gegee:

Omdat die O.B. g'n eleksie-masjien is nie, kan hy nie 'n bevel oor kiezers uitoefen nie — hy kan tog nie verder gaan as selfs 'n politieke party nie. Maar leiding word verlang en word desverlangd as volg gegee:

U word aanbeveel om te sorg dat u nie vir 'n vyand stem nie, d.w.s. u stem vir geen Empire-kandidaat, en ook vir geen ander kandidaat wat net soos die Empire-kandidaat uit is om die O.B. te vernietig nie.

Want U WIL TEEN DIE OORLOG STEM — NIE TEEN DIE OSSEWABRANDWAG NIE.

Stem vir enige ordentlike anti-oorlogs-kandidaat sonder aansien van sy party, wat die publieke versoekring gee dat hy nie teen die O.B. opgetree het en nie bereid is om teen die O.B. op te tree nie.

Slegs in dié kiesafdelings waarin die enigste kandidate wat staan weier om so 'n versekering te gee, vra die Ossewabrandwag van sy lede 'n sware offer, naamlik om te stem vir 'n kandidaat vir wie hulle min respek en geen vertroue het nie.  
**MAAR STEM ANTI-EMPIRE.**

En hoe u mede-Brandwag ook van u mag verskil oor die meriete van hierdie of daardie kandidaat, onthou ons houding is dat die Afrikaner wat o.i. verkeerd stem, tog nader aan ons staan as die Jood wat reg stem.

Want ons Leuse bly „my God, my Volk, my land Suid-Afrika“.

„My Volk“ en nie „my party“ nie. Ten besluite: die Afrikanerdom sien in hierdie verkiesing nie 'n parlementêre geleentheid nie. Dit is 'n kans vir volksdemonstrasie, of die Regering dit wil of nie.

NIE 'N JAG OP SETELS VIR HIERDIE OF DAARDIE PARTY NIE, DOG 'N VOLKSDEMONSTRASIE TEEN DIE OORLOG.

## KRANS GELÉ OP GRAF VAN O.B.-OFFISIER

'n Eenvoudige dog indrukwekkende plegtigheid wat nog lank in die gemoedere van die Ossewabrandwag van Meimel, in die Vrystaat, sul voortleef, het op Saterdag, 29 Mei, aldaar plaasgevind toe genl. dr. P. J. Meyer, Voorligtingshoof van die Ossewabrandwag, namens die plaaslike kommando 'n pragtige krans gelé het op die graf van 'n ontslapte offisier, wyle veldkt. Paul van Dyk, wat in Maart oorlede is.

Die ongeveer 200 offisiere en Brandwagte wat die plegtigheid bygewoon het, het in 'n halfmaan om die graf gestaan. Die treurende eggenote, haar seun en 'n broer van die oorledene, mnr. Connie van Dyk, het langs die graf plaasgeneem.

Komdt. Sarel du Toit het met die bevel: „Brandwagte, in diens van eenheid!“ die aanwesiges op salut ge-roep. Net nadat genl. Meyer die krans op die graf gelé het, is „Die Stem“ aangehef terwyl die aanwesiges die graf gesalueer het. In 'n paar woorde het mnr. Connie van Dyk namens die familie die Ossewabrandwag bedank vir die pragtige huldeblyk aan die oorledene.

Die hele plegtigheid het nie meer as vyf minute geduur nie, maar dit was

## VERJAARDACKETTING

17 Junie: Anna Catharina Victor (Merweville), Annalien Keulen (Sutherland), Albert van Aarde (Malmesbury); 18 Junie: Petronella Jacoba Gouws (Port Elizabeth), Emmerentia Kitching (Tierville), Maria Smith (Duiwekop-landgoed), Daphne Olive van Eck (Port Elizabeth), Anthoinie Ferreira (Humansdorp); 19 Junie: Dedrika C. Theron (Sutherland), Stephanus Cilliers (Plumstead); 20 Junie: Daniel Jacobus Pretorius (Die Strand), Cecilia Maria Zwart (Kakamas), Jacoba Bastiaanse (Beaufort-Wes), Dirkie Loubser (Malmesbury); 21 Junie: Aletta Slabber (Upington), Aletta Scholtz (Johannesburg), Adriana Viviers (Johannesburg); 22 Junie: Dolly Stassen (Malmesbury), Gert Esterhuysen (Sutherland); 23 Junie: Susara du Preez (George), Johanna Visloos (Port Elizabeth).

vir iedereen duidelik dat dit 'n diep indruk op die plaaslike kommando ge-maak het.

Treffend was die hulde van die Ossewabrandwag aan 'n getroue vriend en kameraad, omdat hy aan sy mede-Brandwag gebind is deur 'n onbrekbaarre bloedband en omdat hy tot die dood toe getrou gestaan het in die stryd.—(Kor.)

## Schoemanello Drank . . .

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

PER BOTTEL.— As 6 van 1 tot 6 bottels	PER BOTTEL.— Om 6 tot 12 van era neem in tegnologie	PER BOTTEL.— Om 12 tot 15 bottels
PER GRILLADY.— In 6-gol. vastepris en meer	PER GRILLADY.— In 6-gol. vastepris en meer	PER GRILLADY.— In 6-gol. vastepris en meer

WYNE:	5/-	5/-	—
Fonkelwyn	5/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	3/6	2/6	—
Hanekraai-			
Cocktail	3/6	3/-	—
Likeurwyn	2/-	1/8	8/6
Ou Port	2/-	1/8	8/6
Jeripigo Rooi	1/3	1/2	6/-
Jeripigo, Wit	1/3	1/2	6/-
Soet Muskadel	1/2	1/1	5/6
Port	1/2	1/1	5/6
Worcester Hock	1/1	1/—	5/—
Pontak	1/1	1/—	5/—
Spesiale Sjerrie	1/—	11d.	4/9
Sjerrie	11d.	10d.	4/3

## BRANDEWYNE:

Schoemanello	7/6	6/6	36/-
Ekstra Spesiaal	7/-	6/3	34/-
Brandewyn, F.C.	6/6	6/-	33/-

## LIKEURS:

Kersie-Brandewyn	6/6	5/6	31/-
Anys-Brandewyn	6/6	5/6	31/-
Gemmer-			
Brandewyn	6/6	5/6	31/-
Lemoen-			
Brandewyn	6/6	5/6	31/-
Peperment-Likeur	6/6	5/6	31/-
Van der Hum	6/6	5/6	31/-

## JENEWER LIQUEURS:

Lemoen-Jenever	7/6	6/6	—
Suurlemoen-			
Jenever	7/6	6/6	—

Voeg by 6/- vir kassie en bottels, en 13/- vir vaatje wat vergoed sou word by terug-sending. Ons lever drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Wenns bottels skaars kan ons alleenlik in ons eie bottels, kassies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum pryse van 21-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kassies verlang word moet u u die inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kassies of 5-gelukkigvaatjies of groter. U kassies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevatten. Terme: — K.M.B. plus trentigeld na slyne, K.B.A. plus treintakkommisie. V.O.S. GUDTSHOORN.

Bestel van  
**JURGENS SCHOEMAN**  
Posbus 142. Oudtshoorn.

## VOLKSKAS

GEE: 31% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

21% Rente op Beleggings-sertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekening.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**  
(Oegerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:  
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,  
PRETORIA.



Die Volkskas Bank.

## Venynige Aanval op O.B. deur Dr. Malan se „Strydblad”

Hoewel dr. D. F. Malan op sy reis deur Transvaal 'n paar weke gelede pleiging verseker het dat sy party nie teen die Ossewabrandwag veg nie, en die dagblasie van die H.N.P. in die afgelope tyd die gedante van enige aanneem as dit vir die Gosewabrandwag gaan, word die bitsige aanvalle op die republiekinse Volksbeweging gemaak deur dr. Malan se strydblaad, Die Kruithoring, wat net onder lede van die party sirkuleer.

In sy uitgawe van 8 Junie maak hierdie blaadjie die ernstigste aanklak van verraad teen die leiers van die Ossewabrandwag. Hy beweer dat die leiers van die O.B. met die Sap-party skakel. „Hierdie is 'n ernstige stelling,” verklaar die blad, „en dit word nie sonder bewyse gemaak nie.” Daar kom hy met die bewyse wat hierop neerkom:

Daar is 'n reeks skakels tussen die Sap-party, die volkseenheidskandidate, die Afrikanerparty en die O.B. Die ketting loop as volg:

1. Mr. C. W. M. du Toit skakel met Smuts omdat hy in die parlement so 'n kwaai aanval op dr. Malan gemaak het, na bewering 'n gesprek met dr. Colin Steyn gehad het, en tens as Volkseenheidskandidaat teen adv. J. G. Strydom in Waterberg staan!

2. Mr. C. W. M. du Toit se kandidatuur dra die goedkeuring weg van „n groep ontevredenes onder die A.P.- en O.B.-lede”. „Daar sal geen ander Volkseenheidskandidaat (in Waterberg) wees nie.”

3. „Soortgelyke groepies A.P. en O.B. en oud-Sappe (let wel OUD-sappe!) het dan ook in 'n hele aantal ander Transvalse kiesafdelings kandidate gestel. Die gevolgtrekking: Daar is 'n duidelike, onuitwisbare skakel tussen mnr. C. W. M. du Toit en die Volkseenheidskandidate.”

4. „Dit was dr. Van Rensburg, hoof van die O.B., se eie voorstel, wat hy van platvorm tot platvorm herhaal het, om Volkseenheidskandidate te stel. (Vergelyk dr. Van Rensburg se voorstel soos in hierdie uitgawe gepubliseer — daar word net gepraat van Volkskandidate wat deur die partye benoem word!)

5. Die gewese A.K.G. van Transvaal, adv. Jerling, is self 'n Volkseenheidskandidaat.

„Die gevolgtrekking: Daar is 'n duidelike, onuitwisbare skakel tussen die Volkseenheidskandidate en dr. Van Rensburg.” (!)

„Die ketting met sy drie skakels is voltooi!” roep die blaadjie dan seëvierend uit. „Hier is hulle: SMUTS ska-

kel met C. W. M. du Toit, C. W. M. du Toit skakel met die VOLKSEENHEIDSGROEP, die VOLKSEENHEIDSGROEP skakel met die OSSEWABRANDWAG.”

Die blaadjie beweer dan dat hierdie bewyse afdoende genoeg is, maar daar is nog 'n skakel, naamlik die Afrikanerparty, omdat daar geen volkseenheidskandidate staan waar A.P.-kandidate staan nie.

### 'N PAAR OPMERKINGS

Niemand hoef hierdie reënboogbewys te weerlê nie. Ons wys egter net op 'n paar feite. Eerstens: Adv. J. G. Strydom, slagoffer van die een punt van die ketting, het volgens verslag van Die Burger van 4 Junie hom as volg op Krugersdorp oor die Ossewabrandwag uitgegaan: „Hulle besef dat daar net een vyand is, naamlik velen. Smuts.”

Indien Die Kruithoring nie hierdie uitlating van sy leier glo nie, kan ons hom nog 'n skakel aan die hand doen: In verskeie kiesafdelings werk O.B.-lede saam met H.N.P.-lede vir dieselfde kandidaat, o.a. in Barberton. Hierdie „tevrede” H.N.P.-lede skakel dus met die „tevrede” O.B.-lede. Laasgenoemde skakel met dr. Van Rensburg. Dus die H.N.P. skakel ook aan die ketting en is dus ook „Dienaars van die Vyand” soos die blaadjie in sy opskrif aankondig.

Een van die direkteure van die Kruithoring se maatskappy, dr. K. Bremer, was so gesok oor die artikel dat hy bedank het. Die ander twee direkteure is dr. Malan self en mnr. F. C. Erasmus.

### LAERTREKKINGS

Die Kommandant-generaal sal op die volgende plekke en datums sametrekkings van alle offisiële range toespraak in verband met die verkiesing en die nuwe indeling:

**GUDTSHOORN:** 19 Junie, Britszaal, 2 nm.

**CRADOCK:** 21 Junie, Santamgebou, 2 nm.

**LOEMFONTEIN:** 23 Junie, Clarendonsaal, 7.30 nm.

**KROONSTAD:** 26 Junie, 11 nm.

### INTEKENGELD VERHOOG OP DIE O.B.

Intekenare op Die O.B. word hiermee in kennis gestel dat weens onvermydelike omstandighede intekening op Die O.B. vanaf 1 Julie 1943, as volg verhoog sal word:

(1) Kommando-intekenare:— (D.i. intekenare wat deur die Kommando waaronder hulle ressorteer, inteken: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.)

(2) Intekenare wat verkies om nie deur 'n Kommando in te teken nie, maar regstreeks deur Voorslag Edms. Bpk., 10/- per jaar.

### Ten spyte

van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

### Damesuitrusting

by

#### PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE


L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.



V.M.K. BPK,  
Groote-Kerkgebouw,  
Adderleystraat,  
KAAPSTAD,  
Takkantore dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika en Verteenwoordiging in  
Suidwes-Afrika.

Die Afrikaner-motoreienaar se tuiste in die teenswoordige motorwêreld.

Sy sterkte en Mekka in die na-oorlogse motorwêreld. Sorg dat u daarin bly as u reeds 'n TREKKER is — of sluit sonder versuim aan.



V.L.A.M. BPK.,  
Groote-Kerkgebouw,  
Adderleystraat,  
KAAPSTAD.

### NYWERHEIDSVRAAG-STUKKE IN V.S.A.

Die huidige wêreldoorlog of „globale oorlog” soos dit soms ook genoem word, het, soos reeds dikwels onder hierdie rubriek aangetoon, baie fronte waar die stryd uitgeveg word. Een van hierdie fronte is die huisfront. Ook hierdie huisfront het baie onderdele waarvan een van die belangrikste sonder twyfel die oorlogsnywerheid is. Die oorlogsnywerheid self is ingewikkeld en is afhanglik van primêre en sekondêre nywerhede. Tot die gewigtigste primêre nywerhede behoort sonder twyfel daardie nywerhede wat vir die kragvoorsiening sorg soos o.m. die steenkoolindustrie.

Vir elke oorlogvoerende land is dit van die allerkroosteste belang dat sy huisfront glad funksioneer. Haper daar iets aan die oorlogsnywerhede dan moet die oorlogvoering self noodwendig daaronder ly. Die staking b.v. in Duitse oorlogsnywerhede gedurende die oorlog van 1914-1918 het sonder twyfel groot invloed op die uitslag van daardie oorlog gehad. Geen wonder dus dat die owerhede in oorlogvoerende lande veral daarvoor sorg dat die arbeiders in oorlogsnywerhede ruim en ten billike pryse in hul daagliks materiële behoeftes voorsien word. Om 'n goed gebalanseerde en glad-werkende oorlogshuishouding daar te stel, is egter geen gemaklike taak nie, veral nie in sogenaamde demokratiese state nie. In Brittanje, onder die druk van onmiddellike oorlogsgevare, is daar wel veel presteer hoewel nywerheidsmoeilikhede in die vorm van stakings geensins volksome uitgeskakel is nie. In die V.S.A. is die oorlogshuishouding veel slegter.

#### Die Gevaar van Inflasie

Sedert die V.S.A. aktief oorlogvoerend geword het, is die wêreld deur astronomiese produksiesyfers in die „arsenal van die demokrasie” oorweldig. Tog het enige ekonomiese krankhede hul in „God's Own Country” merkbaar gemaak. Al gou het die wêreld verneem dat die inflasiekrankheid in Amerika gevreeslike vorms aangeneem het. Daar is in die Amerikaanse krankheid en sy begeleidende simptome niets nuuts nie: dit is die ou bekende kwaadaardige kringloop (vicious circle). Om astronomiese produksiesyfers van oorlogstuig in werklheid om te skep, moet daar arbeidskrakte gevind word. Arbeidskrakte kan alleen gevind word deur aantreklike lone aan te bied. Aantreklike lone beteken volop geld, „dollars to burn”, en volop geld beteken prysstygings, verhoogde produksiekoste en verhoogde lewenskoste. Dit weer word opgevolg deur nuwe eise om prysverhogings en loonverhogings en so gaan dit so verder. Soos gewoonlik in dergelike omstandighede het alle arbeiders nie in die voorreg van loonverhoging gedeel nie. Die landbouarbeiders het b.v. nie in gelyke mate soos die arbeiders in oorlogsfabrieke in die voorreg van loonverhoging gedeel nie, terwyl die verhoogde lewenskoste tog almal getref het. Die gevolg is dat die landbouarbeider ontevreden word en werk in die oorlogsfabriek gaan soek. Die boer sit dus sonder arbeiders en is verplig om hoër lone aan te bied. Dit kan hy egter alleen doen as hy hoër prys vir sy produkte ontvang. Hoër prys vir die boer se produkte lei egter dadelik tot verhoogde lewenskoste en so gaan dit voort. Indien hoër lone nie verstrek word nie en daar vir die arbeider geen moontlikheid bestaan om ander meer lonende arbeid te vind nie, dan bly daar vir hom net een weg oop en dit is om te staak.

#### Staking van Steenkool-arbeiders.

In die jongste tyd het ons meermale van stakings in die V.S.A. verneem. Daar is b.v. 530,000 steenkool-arbeiders wat onlangs die werk gestaak het. Hulle standpunt was: geen kontrak nie, dan geen werk nie. Die „kontrak” wat hulle wou hê, is een waarin vir loonverhogings voorsiening gemaak word. Hulle eis vergoeding vir die styging in die lewenskoste en iets ekstra met die oog op die verdere inflasie wat hul leiers onvermydelik ag.

Na 'n staking wat ongeveer 'n week

### JEUGFRONTLEIER SE BOODSKAP

My benoeming tot leier van die Jeugvertakking van die O.B. geskied gelyktydig met die veroordeling, vanweë oortreding van sekere Noodregulasies, van 22 Jeugfrontoffisiere tot boetes en tronkstraf. Van die 22 onderraan 9 op die oomblik tronkstraf. Namens al die O.B.-seuns en -dogters bring ek hulde aan hierdie jong manne wat die bewys lever dat ook die Jeugfront bereid is om sy offers in diens van God, Volk en Vaderland te bring. Dit sal nie tevergeefs wees nie.

„Ons sal offer wat jy vra,  
Ons vir jou, Suid-Afrika!”

Vir die Afrikaanse jeug is hierdie woorde geen leë klank nie, maar die uitdrukking van 'n opregte voorname en 'n stellige belofte. Daarin is hulle nou opnuut gesterk en daartoe kragtig geïnspireer.

D. J. VAN ROOY.

Potchefstroom,  
8 Junie, 1943.

geduur het en wat die V.S.A. tien miljoen ton steenkool gekos het, d.w.s. byna so veel steenkool as Italië in 'n jaar verbruik, het die steenkool-arbeiders voorlopig tot die werk teruggekeer. 'n Bevredigende oplossing vir steenkool-arbeiders en myneenaars is nog nie gevind nie. Daar is wel gepraat van nasionalisering van die myne en van wetgewing deur die Kongres wat stakings onwettig sal maak. Dit tot dusver egter nog maar net by gepraat gebly en 'n mens sal moet afgaw hoe die arbeidsvraagstuk in die V.S.A. in die nabye toekoms gaan ontwikkel.

Die enigste redmiddel teen inflasie en sy nasleep skyn te wees 'n staatsbeheerde oorlogshuishouding wat die moed en die mag het om drasties op te tree. Pryse en lone moet vasgestel word, wookerwinste moet uitgeskakel word. Sal die huidige regering van die demokraties-kapitalistiese Amerika die moed hê om drasties op te tree? Sal die Amerikaanse burger genoeg oorlogbewus word om, soos in Brittanje, swaar offers te bring en onder strenge dissipline te staan? Die geskiedenis van die drankverbod stem tot pessimisme.

### Voeg DIE DAAD by DIE WOORD Rock



### Maak Kennis met die

## Nuwe Volkspele

Opgestel deur Hester Morrison

(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)

Met Musiek en Inedjies  
(grondgedigte) deur

M. L. de Villiers

Komponis van  
„Die Stem van Suid-Afrika.”

Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangss Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Alwal Noord.

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,  
PRO ECCLESIA-DRUKKERY  
Posbus 28, Stellenbosch  
of by u Boekhandelaar.

## Dáárvoor Veg U!

Siek — teleurgestel — verbitterd — dit was die gewaarwordings van meeste Afrikaners na afloop van die swart verkiesing van 18 Mei 1938. Swart was daardie verkiesing omdat ons volk in sy kunsmaatige verskeurdheid nooit te vore tot die peil van persoonlike be-modering gedaal het as wat hy in daardie weke van eleksiekoers bereik het nie. Afrikaners wat langs mekaar geveg het in die Vryheidsoorlog, wapenbroers van die Rebelle, manne wat stukkend geskiet was in die stryd om Boerevryheid, het mekaar in daardie donker dae beveg met 'n venyn wat seker nooit in hul gemeenskaplike stryd teen die Empire-vyand geëwenaar is nie. Die volk is deur die „vrye“ pers in diens van politieke en finansiële groepes opgesweep tot gevoelshoogtes van haat en nyd wat die dweper na die kroon gesteek het. In blinde ywer is daar gegryp na elke strootjie om die politieke teenstander in onguns te laat verval by 'n koerslose en bonite kiesersmassa. **Waar landsvraagstukke en politieke programme die intelliekt van die kiesersleek oorspan het, is daar gesoeke na gevoelswaardes, iaag of hoog, wat sy ywer in beroering sou bring.** Van ingewikkeld ekonomiese vraagstukke waaroor die stryd soms gegaan het, het die gewone kieser weinig begrip gehad, maar oor die karakter-hoedanighede van kandidate was hy in staat om 'n oordeel te vel, en dat daardie oordeel ten ongunste van die teenstander sou wees, was die strewe van elke eleksieagent. Die verkiesing moes vir sy party gewen word, buig of bars, en wat gebars het, was dikwels die waarheid.

### DIE UITSLAG

Vernederd, verwijderd en beskaamd het 'n politiek-uitgewoede Afrikanerdom na die verkiesing die afgebreekte vriendskapshande op kerklike en maatskaplike gebied weer probeer reg dokter. Die siedende stryd het sy beslissing ontvang. Ou lede het teruggekeer na die parlement en nuwe hul verskyning daar gemaak. Die een party het oorwin, die ander het 'n morele oorwinning behaal. Die kragmeting was ten einde en die lot van Suid-Afrika vir vyf jaar beslis. So het ons gemeen en omdat ons so gemeen het, het ons mekaar geslaan met die skerpste van die tong.

En die uitslag vir ons volk? Wat het ons ryker geword uit die stryd? Ons het toegevoeg tot die rykdom van ons verdeeldheid en ons het as dividend verbittering en magteloosheid geoes. **Vyftien maande later het ons eers besef dat ons in daardie verkiesingstryd nie geveg het oor die bestaan of voortbestaan van die Afrikanerdom of selfs maar Suid-Afrika nie. Want toe die werklike belang van Suid-Afrika en die Boerevolk in September 1939 op die spel gekom het, het die kunsmaatige mure tussen Afrikaner en Afrikaner ineengestort, en het hy wat waartlik Afrikaner was, sy volk bo sy party gekies.** Toe het ons besef dat ons op 18 Mei 1938 nie geveg het oor volksbelange nie, maar **MET volksbelange oor partyprogramme.** Die tweewartoe die ganse volk in al sy lae opgehits en aangeblaas was, het nie gegaan oor die voortbestaan van die Afrikanerdom of Suid-Afrika nie, maar oor die keuse tussen twee of meer politieke programme. Daarom het die een Afrikaner wat in die stryd teen Imperialisme stukkend geskiet was, geveg teen sy eertydse wapenbroer wat dieselfde wonde ontvang het as hy. Die een het gemeen hy veg vir beter ekonomiese toestande, die ander het gemeen hy veg vir 'n blanke Suid-Afrika. **Maar toe die oomblik vir daadwerklike optrede teen die volksvyand kom, het die wapenbroers van voorheen gevind dat hulle nog maar altyd wapenbroers was.** En daarom sien ons vandag Afrikaners saamveg wat by die vorige verkiesing mekaar beveg het.

### EN NU?

Maar omdat hierdie stryd ook maar weer gaan oor politieke programme vind ons die skynbaar onverklaarbare

## Min of Meer Belangrik

### Argentynse Staatsgreep

Argentinië, die land wie se onsydigheid in die oorlog totover 'n doring in die oog van die Geallieerde was, het 'n gewelddadige verandering van regering ondergaan. Aanvanklik het genl. Rawson die regering bemagtig en van Geallieerde kant is beweer dat 'n gunstige wending in die buitenlandse politiek van Argentinië ten gevolg sou hé. Hy was egter nog skaars in die saal of die bewind is oorhandig aan genl. Ramirez, wat, voorlopig altans, 'n militêre diktatuur in die lewe ge-roep het. Een van die eerste dade was om die kommunistiese blad te verbied en die parlement te onbind. Na verklaar word, het hy sy militêre opleiding in Duitsland ontvang. As beleid het hy aangekondig strenge neutraliteit en geen inmenging van buite.

Die Spil-moondhede het die nuwe regering erken.

### Tradisievas

Sewe-en-vyftig kantoormeisies van die Ford-motormaatskappy het onlangs 'n sitstaking gehou uit protest teen 'n bevel van die maatskappy dat hulle met lang broeke na die werk moet kom. Toe hulle met rokke by die werk aankom, is hulle aangesê om terug te gaan en lang broeke te gaan aantrek. Hulle het gewieer om dit te doen.

It is bemoedigend om te sien dat selfs in liberalistiese Amerika nog meisies te vinde is wat verkies om dames te bly.

### Gevolge van Stakings

Die onlangse staking van steenkoolmynwerkers in Noord-Amerika het ten gevolge gehad dat 10 miljoen ton steenkool verlore gegaan het. Na berig is, is 'n aantal oorlogsfabrieke weens die tekort aan steenkool tot stilstand gebring.

### Nog 'n Voedselkrisis

Daar word 'n groot tekort aan botter en kaas in die vooruitsig gestel, en as rede daarvoor word aangegee die swak reënval in melkgebiede. Ons is egter geneig om hierdie te kort eerder in verband te bring met genl. Smuts se radiopraatjie 'n paar weke gelede toe hy verklaar het dat ons „die eise wat aan ons mannekrag en hulpbronne gestel word . . . om te voorsien in die behoefte van vermeerderde voedselprodukte sowel vir ons

verskynsel dat wapenbroers van jare hierdie keer teen mekaar veg. Vier September het na vier jaar van praatjiesmaak sy skyn van werkelikhed verloof. Die oorlogswerklikheid het van die terrein van volksebelang verloop na die terrein van partybelang. Dit het 'n partypolitieke „plank“ geword in plaa van 'n bedreigingsdaad vir ons voeksbestaan.

En nou staan Afrikaner maar weer teen Afrikaner en twis oor politieke programme. Ons weet wat die uitslag sal wees — nie oorwinning of nederlaag nie, maar teleurstelling en bitterheid. Die oomblik van volksbedreiging sal in 'n ander vorm weer aanbrek. Waaroor ons nou so hard veg en skinder, sal dan aan die vergetelheid behoort soos 18 Mei op 4 September aan die vergetelheid behoort het.

Hou dit voor oé in hierdie stryd, en die keuse van die toekoms wat sal kom, die keuse van die daad, sal dit makliker maak vir wapenbroers om mekaar weer te vind.

Die voortbestaan van die Afrikanerdom hang nie af van die uitslag van hierdie verkiesing nie — as dit so was sou ons gesterf het as daar geen verkiesing was nie, en dan het die einde nou reeds aangebreek indien ons die verkiesing gaan verloor.

As u meen om iets te bereik met hierdie stryd, veg! Veg hard teen die Empire, maar houvas die hand van u broer!

(Politieke berigte en hoofartikel deur N. G. S. v. d. Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.)

die magte as vir die groot konvoeie wat ons havens besoek . . . nie in syfers (kan) weergee nie."

Die geval van mielies wat ten koste van die Unie-bevolking na Rhodesië uitgevoer is op 'n oomblik toe hier 'n ernstige tekort geheers het, het getoon dat hierdie Empire-bewind meer begin is oor die behoeftes van vreemdelinge as van sy eie land.

Jammer dat die geleentheid om met hierdie bewind op 7 Julie af te reken, verlore geraak het weens die weiering van een man om 'n verkiesingsfront te vorm!

### Tyd nog nie Ryp nie vir 'n Republiek

Op Potgietersrus het dr. Malan volgens verslag in Die Burger van 26 Mei sy standpunt ten opsigte van die stigting van 'n republiek verduidelik. Die verslag lui:

„Gevra of hy onmiddellik na hy aan bewind kom 'n republiek sal verklaar; het dr. Malan gesê dat hy dit sal doen sodra die omstandighede dit moontlik maak. Dit moet gebeur wanneer dit veilig is. „Gevra na die omstandighede waarin 'n republiek uitgeroep sal word, het dr. Malan gesê dat dit sou insluit dat daar 'n leermag moet wees om die republiek te verdedig en dat 'n veilige meerderheid by die volk vir 'n republiek moet wees sodat hy nie more-oormière omvergegooi word nie.“

As hierby in ag geneem word dat dr. Malan in Pretoria die waarborg aan die Engelse gegee het dat die H.N.P. hulle nie as vreemdelinge sal behandel nie, beteken dit dat daar eers 'n meerderheid van die Engels-Afrikaanse bevolking ten gunste van 'n republiek moet wees voordat dr. Malan die republiek sal uitroep.

Bit is dieselfde belofte van 9 Desember 1920: „Daar nou die regte tyd na ons oordeel nog nie daar is nie, so het die N.P. die reg om, sonder die minste afstand te doen van haar strewing na vryheid, te sê dat sy die kwessie nie by die eerskomende verkiesing tot stemming wens te bring nie.“

Ná 23 jaar van politieke gepraat staan die volk dus nog maar net waar hy in 1920 gestaan het: 'n Party wat deur en deur republikeins is, maar wie se leiers die republiek voorhou as 'n ideal van die verre, verre toekoms.

Die republiek kan alleen deur 'n volksbeweging gebring word wat nie nodig het om na stemme te vry nie.

### Social Security

Die doel van Edsel Ford, Amerikaanse miljoenêr, se waarde word be-reken op £50,000,000, na onlangs in die pers berig is — 'n sprekende bewys van die ongelyke verdeling van rykdom in 'n kapitalistiese land. Met 'n dosyn sulke burgers kan 'n demokratiese staat darem ver vorder op die pad na „social security“!

## BYEENKOMSTE! NOORD-TRANSVAAL

### Adjunk-Komdt.-Generaal

J. A. SMITH,  
Organisasieleier,

Vergesel van Gebiedsgeneraal, Dr. M. M. van der Westhuizen en Hoofgenl. H. L. Neethling, sal byeenkomste op die volgende plekke en datums toespreek:

- 10 Julie, n.m., Nylstroom.
- 12 " n.m., Potgietersrust.
- 13 " n.m., Pietersburg.
- 14 " n.m., Louis Trichardt.
- 16 " v.m., Orichstad.
- 18 " n.m., Neispruit.
- 17 " n.m., Belfast.

Die Rolprent, „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom“, sal op dieselfde datums in die aand op Nylstroom, Potgietersrust, Pietersburg en Louis Trichardt vertoon word.

## O.B.-OFFISIERE MAAK H.N.P.-SPREKERS LIE

### Patetiese Misverstand

JOHANNESBURG.—Die sametreking van Ossewabrandwag-offisiere in Johannesburg op Woensdag, 2 Junie, het 'n komiese en enigsins ook patetiese nasleep in die plaaslike H.N.P.-blad gehad. Die sametreking sou eers op die Crosby-terrein plaasvind maar op die laaste oomblik is daarin geslaag om 'n saal in die stad te kry. Op die Crosby-terrein is toe persone gelaat om die offisiere wat in groot getalle van heinde en ver opgedaag het, van die nuwe vergaderplek te verwittig.

Soos die ongeluk dit egter moes hê het die H.N.P. ook vir dieselfde aand 'n vergadering op die Crosby-terrein gereel gehad. En was die blydskap van die H.N.P.-sprekеры nie groot toe hulle die honderde mense, selfs in motors met nommers van verafgeleë distrikte sien opdaag! Maar watter ontngtering toe die mense op 'n klein klompie na almal weer die terrein begin verlaat.

Die volgendeoggend kom „Die Transvaler“ toe met sy klaglied, nogal op die voorblad en onder die opskrif: „Poging om H.N.P.-vergadering te torpedeer.“ Die blad vertel dan hoe persone die aanwesiges meegeedeel het dat die vergadering na 'n ander plek, „érens in Pleinstraat“ verskuif is (die officiersvergadering is in 'n saal in Pleinstraat gehou). „Somme het in die motors, waarvan sommige nommerplate van Vereeniging en Pretoria gedra het, geklim. Hierdie motors het toe weggegaan en hulle is deur ander gevolg.“ Aldus die blad.

En dan vervolg Die Transvaler lipaflekkend: „Hoewel die opkoms toe nie so groot was nie, is daar tog met die vergadering voortgegaan . . .“

As duikbootkommandante tog maar oor sulke torpedo's kan beskik!—(Kor.)

(Berig deur J. Piek, Voortrekkergebou, Johannesburg)

## AANDAG!!!

### DIE KOMDT.-GENERAAL

Dr. J. F. J. VAN RENSBURG

en

Die Adjunk-Komdt.-genl.

J. A. Smith

Spreek sametrekkings toe

VAN ALLE OFFISIERE VAN

OMGEWING,

op

SATERDAG, 19 JUNIE

IN DIE DRILSAAL

OU DTSHOORN

vanaf 2-uur in middag en

in aand

Verklarings i.s. Reorganisasie

en komende Verkiesing

Brandwagte Welkom

Middag en Aand

## Aandag!!!

Die Komdt.-Generaal

Dr. J. F. J. VAN RENSBURG

Spreek sametrekkings toe

van alle offisiere van omgewing

op die volgende plekke:

BLOEMFONTEIN

CLARENDSAAL, 7.30 n.m.

op 23 Junie 1943

KROONSTAD

op 26 Junie 1943

om 11 v.m.

Verklarings i.s. Reorganisasie

en komende Verkiesing

Brandwagte Welkom!



## OSSEWABRANDWAGDAG OPROEP UIT TRANSVAAL

Onderstaande oproep in verband met 8 Augustus word deur hul hoofvroue-offisier, genle. C. W. Rautenbach, gerig aan offisiere en Brandwagte van gebied F. (Noord-Transvaal):

KOMAAN!

Daar's 'n stryd te stry.  
Daar's 'n nasie te lei.  
Daar's werk!

Die onderskeiding wat die vrou in die Volksbeweging te beurt gevall het, is om 'n PLIG te behartig op 7 Augustus a.s.

Ons rep nie van regte waarna ons verlang nie, maar ons vreugde lê in pligte wat ons kan vervul.

Vanjaar sal pligsvervulling beïtken dat die Vrouekommando's op 7 Augustus die verskillende kaste met 'n groter bedrag as die vorige jaar sal sterk.

Onthou die toekomsideaal van Hendrik Potgieter, die Voortrekkerleier van die Noorde, vir die oorwinningsdag van sy volk: ONS MOET DIE MIDDELS IN ONS KISTE HÉ.

## ONTSNAPPING UIT FORT

Vyftien Afrikaners wat reeds vir geruime tyd in die Johannesburgse Fort aangehou word kragtens die Noodregulasies, het verlede Donderdag uit die tronk ontsnap. Na verneem word, is een van die nagwagters oorrompel en van sy sleutels beroof.

Die vyftien manne was D. Hay, T. du Plessis, A. J. de Wet, Venter, J. R. van der Watt, C. F. Kriel, J. Barnard, G. T. L. Kruger, J. A. Boshof, F. J. van Niekerk, J. A. Kruger, D. Theron, C. J. Kotze, H. A. Bezuidenhout, J. N. Steynberg en U. T. Kotze. Laasgencemde is maby die tronk kort na sy ontsnapping in hegnis geneem.

Onthou sal word dat hierdie gevangenes kort geleden 'n hungerstaking begin het uit protes teen hul aanhouding sonder verhoor. Sommige van hulle word reeds sedert Januarie aangehou.

## ONSKULDIG AAN DIEFSTAL

Die vyf manne wat voor die Spesiale Hof in Pretoria aangekla was dat hulle £1,505 van die Mieleraad gesteel het, is verlede week deur regter Schreiner onskuldig bevind. Hulle is P. H. S. Pieterse, W. J. J. van Rensburg, F. J. Venter, E. J. F. von Elling en J. A. J. van Rensburg.

## K.G. se Adjutant

Hoofkomdt. Hennie Mentz wat onlangs sy ontslag as offisier uit die lugmag geneem het na hy steeds geweier het om die rooi-eed te teken, is aangestel as Adjutant van die Kommandant-generaal.

## JEUGOFFERS

Willie Venter (10 jaar) van Oskuil, P.K. Northam, het tarentaleiers laat uitbroei en die kuikentjies verkoop vir 5/6. Die bedrag het hy aan genl. Roets oorhandig vir die O.B.-Noodhulpfonds.

## Boete vir Lekker Eet

Jeugfrontdogter Lenie Keuler van Oupos, Blikfontein (O.V.S.) het op die volgende manier £1-12-0 ingesamel vir die Noodhulpfonds: Op elke laaste Sondag van die maand het sy haar bussie op die tafel gebring sodat almal wat vleis en 'n nagereg eet, hul boetes daarin kan gooi. Hierdie metode is navolgingswaardig.—(Kor.)

## Geklassifiseerde Advertensies

### GEBORTE

OBERMEYR. — Aan Veldkt. en Asst. Veldkte. Obermeyr, Hottentotsfontein, Sutherland, 'n tweede flukus brandwagseun in die A.C.V.V.-Kramminrigting. Naas die Heer ons dank aan susters.

### VERLOWING

RUSSOUW — SMIT: Hiermee wens ons, Sniele, dogter van mr. en mev. Hennie Smit, Paarl, en Attie, seun van wed. B. Russouw, Darling, bekend te maak dat ons verloof is.

### DANKBETUIGING

Hoof-Genl. en Asst. H/Komdt mev. Jurgens Schoeman, wens alle vriende, vriendinne, die O.B.-Kantoor personeel, matrone en staf, Volkshospitaal en die geneeskundige hartlik te bedank vir alles wat met soveel liefde vir mev. Schoeman gedoen is, met haar onlangse siekte te Kaapstad.

### MEEGEVOEL

Die Vroue-Kommando van Tiervlei, voel saam met Adjudante Harris en haar eggenoot met hulle verlies. Ons bede is dat hulle mag sterk wees in hul beproeing.

### GRAFSTEENMAKERS

S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Eins.) Bpk, waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randstene ens. Vir meer besonderhede skryf aan Posbus 2, Maitland, of telefoon 5-4420, of na nummer 5-2823. Adres: Voortrekkerweg, Maitland.

### BENODIG

BLANKE ervare tweetalige onderwyser(es) vir 2 seuns stds. 3 en 4. Goewernementstelsels. Losles en inwoning vry. Meld salaris verlang. Begin 19 Julie 1943. Doen aansoek: Mev. B. J. v. d. Merwe, Grootklip, P.K. Smithvale, New Betheda.

GOEIE bees- of perdemis of gemeng. Kwoteer per trokvol gelever naaste stasie. Skryf aan J. A. Smith, Vryheid, Kuilsrivier.

EEN parafain-enjin onttrent 4 perdekrug. Besonderhede en kontantprys asseblief dadelik aan: Nico Barnardt, Toverwater, Uniondalewegstasie.

### BETREKKING VAKANT

BLANKE dame vir algemene kantoorwerk en boekhou in motor-besigheid. Moet einde Junie begin. Meld ondervinding en kwalifikasies vir boekhou, tik ens. Skryf aan J. H. Gouws, Groblershoop, en meld salaris.

### TE KOOP

ESTE kwaliteit heuning-tee, 93 pond sak 20/-, 50 pond 10/6, 25 pond 6/-. Vars aartappels, 12/- per sak. Gelever Bus-halte, Speelmanskraal, George. K.M.B. Burger Jonck, Kliprivier, P.K. Speelmanskraal, George.

EEN 4-duim Suier, een 7-duim Suier; 50 voet 2 duim en 40 voet 4 duim pype, galv.; goede order. W. P. Lubbe, Hanover, K.P.

TWEE 12-voet, een 8-voet en een 10-voet windpomp-koppe kompleet. Tweede-hand; goede order. W. P. Lubbe, Hanover, K.P.

PLAAS aangebied in Karoo; twee myl van spoorwegstasie. Groot 3,500 morgé. Vir besonderhede: W. P. Lubbe, Hanover, K.P.

ELEKTRIESE-STOFSUIER en Poets. Volledig met alle toebehore, en instruksies. So goed as nuut. Vir besonderhede skryf aan: J. M. de Villiers, Oranjestraat 41, Paarl.

### O.B.-NOODHULPFONDS

#### TRANSVAAL TOT 5 JUNIE.

	f	s. d.
Reeds erken	18,221	4 6
Kwit. Nos.:		
3393 11B5	12	0 0
3394 11B2	21	0 0
3395 2B3	10	0 0
3396 2C5	1 2	0 0
3396 2C1	4	0 0
3396 2C3	2	10 0
3397 2B2	1 13	6 0
3398 4C6	10	0 0
3399 4B5	5	0 0
3400 2A6	6	10 0
3401 3A1	3	2 0
3402 1B1	10	16 0
3402 1B2	28	3 9
3402 1B3	11	11 0
3403 3A3	4	0 0
3404 8A2	5	13 6
3405 8A5	3	0 0
3406 1A3	12	10 0
3407 1A4	12	10 0
3408 9B4	6	0 0
3410 13B4	7	18 0
3411 1A2	15	0 0
3412 1A5	10	0 0
3415 2A2	5	0 0
3416 1B4	5	9 0
3417 1C5	16	6 3
3418 1C2	14	2 0
3419 1A	1	1 0
3420 2A1	10	5 2
3421 Bydrae	10	0 0
3422 13C5	2	16 0
3423 9B2	4	7 0
Totaal:	£18,457,	2 10

### TE KOOP GEVRA

TREKKER, 25 P.K. of meer. Moet in eersteklas kondisie wees. P. Penning, Bus 6, Devon.

### KAROO BOK-KRAALMIS

ESTE kwaliteit, geen onkruid; met hamermeul fyn gemaal. Gereed vir Kunsmis-toestelle. Gelever bona fide boere se stasies teen 30/- per ton van 11 gode sakke, K.M.B. S. Nel, Uitvlugt, Sheldonstasie.

### KAROO BOK-KRAALMIS

ESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmis-toestelle, 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelever Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkekas, Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Sonnerzel-Oos.



VARS vrugte uit u eie tuin smaak altyd beste. Bestel dadelik u eie bome om teleurstelling te voorkom. Dagbreek-Kwekery sal u verwagting ver oortref. Verpakking- en spoerfrag vry. Gratis katalogus op aansoek. DAGBREEK-KWEKERY (Gidion Brits en Seun), Foon 3, Jachtfontein, P.K. Jachtfontein voor Johannesburg.

DEEL in die Winst. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suwer Afrikaanse-onderneeming? Excelsior Meubels se pragbrosure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosoure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosoure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

Beskerm u Gesondheid  
en  
Levenskrag

Gebruik

LIFEBOUY-  
GESONDHEID-  
SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP --  
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE  
'n LEVER Produk

## DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, Herefordstraat,  
MIDDELBURG, GROBLERSDAL,  
Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK  
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

## MARKAGENTSKAP

Vroeë More-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIK, MAANDELIK OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

## SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrybaar.  
Terme uiters billik.

## RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.  
WORCESTER:— Posbus 57.  
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

## MEUBELS

PEYSE STYG VENNIG.

KOOP NU!

ONs HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars  
(Liendoms.) Beperk,  
Greets Kerkgebou, KAAPSTAD.  
Posbus 210.

### RAMME

Opreggetelde Wanganelia Ramme teen baie redelike prys. Kudde Ramme £3-10/- tot £10. Stoet Ramme £12-10/- en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skryf om besonderhede en adreskaartjies. Bankiers: VOLSKAS (Koöp.) BPK.